Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
montagu.prim@wcgschools.gov.za
www.laerskoolmontagu.net
023 614 1640

MONTIENUUS

2 Mei 2024
OB 15

Beste Ouers

Die Montienuus verskyn vandag, omdat 1 Mei Werkersdag was.

Eerskomende Vrydag en Saterdag, vind die Spar Montie Sportdag plaas waarna ons almal baie uitsien. Ek hoop u almal kan 'n draai by die sportdag maak en betrokke raak, op welke manier ookal. Ons bedank voorlopig Mnr. Zander Smit van Montagu Spar, wat weer as borg van die dag optree. Baie dankie dat u weereens ons hand vat.

Ons weektema en gepaardgaande BrainTribe slagspreuk vir die week, pas sommer baie mooi by die opwinding van die sportdag. Monties, help asb. om ons terrein ekstra netjies te hou vir ons besoekers wat die naweek by ons kom kuier. Doen ook jou bes tydens die wedstryde, sodat jy tevrede kan wees met jou pogings!

Dankie aan elke ouer wat bereid is om Saterdag te help. Die sameroepers van elke stalletjie werk hard aan beplanning. Dankie aan Mnr. Wilhelm Sadie wat dit koördineer. Dankie ook aan elke personeellid wat help voorberei aan die dag. Ons glo ons leerders gaan die dag geniet.

Ons herinner u daaraan dat ons vanaf 2 Mei amptelik wintersdrag dra, soos reeds deurgegee in die Montienuus.

Ouers word gevra om hul kinders se assesseringsinligting dop te hou. Verskeie deurlopende assessering vind reeds plaas, met die halfjaar assessering wat naderkom.

Sterkte vir u week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Weektema:
Netheid
BrainTribe:
Piet Papegaai: "Respekteer jouself, wees trots en triomfantelik."

Geborg deur:
SPAR
MONTAGU
volg ons op
sparmontagu
023 614 3080

BELANGRIKE DATUMS

Donderdag, 2 Mei	Wintersdrag Rugby en netbal: McGregor is uitgestel
Vrydag, 3 Mei	Entrepreneurs: Gr. 5L GF Boeke huis toe SPAR MONTIE SPORTDAG: Hokkie
Saterdag, 4 Mei	SPAR MONTIE SPORTDAG: Netbal en Rugby Wes-Kaap Zone 1 Netbalproewe
Dinsdag, 7 Mei	Rugby en netbal: H. Venter (weg)
Donderdag, 9 Mei	HEMELVAART (Skool gesluit)
Vrydag, 10 Mei	Entrepreneurs: Ope

Storieskip

Storieskip kom besoek die skool met ‘n splinternuwe produksie op Woensdag, 22 Mei. Elke jaar se produksie is propvol humor en lewenslesse.
Bring asb. jou R10 en betaal by jou klasonderwyser sodat jy nie hierdie produksie misloop nie.

Kultuur

Luan Koekemoer het deelgeneem aan ‘n Nasionale drama kompetisie, Tiener Toneel. Hy is as die gr. 7 kategorie-wenner aangewys. Luan het 95% vir lees en 93% vir voordrag ontvang. Hy is egter een van die finaliste vir die finaal. Sy punte gaan gebruik word om te bepaal of hy een van die groot wenners is.

Baie geluk, Luan.
Ons is so trots op jou en hou duim vas vir die finaal se uitslae.

Boland o. 13 Rugbyproewe

Jenö Jacobs neem Vrydag, 3 Mei deel aan die Boland rugbyproewe by Laerskool Koue Bokkeveld

Spanne vir H Venter (weg)

Netbal: o. 7A, o. 8A, o. 9A, o. 10A, o. 11A, o. 12A, o. 13A
Rugby: o. 8A, o. 9A, o. 11A, o. 13A

NB!!! Daar is geen oefeninge in die sportperiode nie.

Spanne vir SPAR MONTIE SPORTDAG
Saterdag, 4 Mei

Netbal: o. 7A+B, o. 8A+B+C, o. 9A+B, o. 10A+B, o. 11A+B, o. 12A+B, o. 13A+B
Rugby: o. 7A+B, o. 8A+B, o. 9A+B, o. 11A+B, o. 13A+B

Netbal

Cari Conradie het op Saterdag, 27 April, deelgeneem aan die Wynland netbalproewe. Ons is baie opgewonde om te deel dat sy gekies is vir die o. 12 Wynland netbalspan. Cari gaan Saterdag, 4 Mei, deelneem aan die Weskaap netbalproewe. Ons gaan jou mis by ons sportdag, maar gun jou hierdie ongelooflike geleentheid. Die Monties is baie trots op jou.

Hokkiekliniek
10 Mei 2024

LS MONTAGU
HOKKIEVELDE

13h00 - 14h15
0.7 - 0.9
R25 per speler
SURPRISE PAKKIE

14H30 - 17H00
0.10 - 0.13
R50 PER SPELER

WAT KRY 0.10 TOT 0.13 SPELER?
OEFENPROGRAM
VAARDIGHEIDS AKTIWITEITE

WAAROP FOKUS ONS?
FIKSHEID
VAARDIGHEDE
WEDSTRYDE
POSISIONERING
SPANBOU

Bring saam
Hokkiestok en bal
Shinguard
Mouthguard
Water

Bevestig by jou afrigter
Voor 6 Mei 2024
Enige navrae
Salome Burger 0725219345

Greetings ISLAND

Rugby en netbal: Laerskool De Villiers Primêr

NETBAL

Span	* Telling	Speler van die wedstryd
o. 7A	3-0	Sage van der Merwe
o. 7B	1-0	Gia Jansen
o. 8A	3-4	Klara Sadie
o. 8B	6-8	Carmelitha Fisagie
o. 9A	4-1	Carla Swanepoel
o. 9B	5-4	Jaylen Plaatjies
o. 10A	12-1	Hay-Lee Plaatjies
o. 10B	3-0	Chloe Swanepoel
o. 11A	30-0	Amy Fluks
o. 11B	11-2	Mia Vorster
o. 12A	6-3	Shenay Makok
o. 12B	6-4	Avenathi Bhozo
o. 13A	18-5	Kachen Kiewiets
o. 13B	11-3	Ley-Sandra Roderiques

RUGBY

Span	* Telling	Speler van die wedstryd
o. 8A	20-5	Mekonnen Vermeulen
o. 9A	40-0	Hele agterlyn
o. 11A	40-0	Liam van der Merwe, Jarrell Johnson
o. 11B	10-5	Theodore Kriel
o. 13A	27-7	Ruben van Niekerk
o. 13B	25-10	Miller Jacobson

*** Telling (Montagu telling eerste)**

11 May 2024

Start Time:
6km - 9am
12km - 8:30am
21km - 7:30am
30km - 7am

De Bos Camping Site
8 Brown Street,
Montagu
Saturday from 6am

Entry Fees:
6km - R100
12km - R300
21km - R600
27km - R750

Montagu Mania nooi alle Monties, ouers en vriende uit om aan ons 2km *Trailrun* te kom deelneem.

09h15 - Saterdag, 11 Mei 2024 by De Bos.

R50 inskrywingsfooi. Alle deelnemers kry 'n medalje!

Kontak Ilse Esterhuyse by 072 125 1854

Rugby uitslag vs LS Robertson per abuis uitgelaat:

Span	Telling	Speler vd wedstryd
o. 9A	5-10	Caleb Daly

SKOOL SE E-POS ADRESSE

Gebruik asseblief die volgende e-pos adresse om ons te kontak:

Amptelike skool e-pos adres:
montagu.prim@wcgschools.gov.za

Skoolhoof:
skoolhoof@laerskoolmontagu.net

Ontvangs:
ontvangs@laerskoolmontagu.net

Klereverkope:
klerewinkel@laerskoolmontagu.net

Finansies:
montagu.prim@wcgschools.gov.za